

# GAUTENG RACING PIGEON COMBINE

## COMBINE REËLS - 2019

1. Daar sal 'n loslatings koördineerder wees wat in beheer van loslatings is. Tans is dit Mnr Herman Jeppe van die PWDC.
2. Die amptelike GPS koördinaat sal geneem word van die middelste vragmotor se posisie
3. Organisasies se verteenwoordigers moet by die koördineerder aanmeld sodat hy bewus is van hul teenwoordigheid.
4. Geen ongemagtigde toegang tot vragmotors deur derde partye sal toegelaat word nie. Bv Persone wat duiwe kom haal by trokke
5. Duiwe wat ontsnap – SANPO reëls word toegepas.
6. Vragmotors moet twee (2) ure vooraf op loslatingspunt wees. 'n Minimum van een (1) uur vooraf sal aanvaar word.
7. Geen oefen duiwe mag saam met die amptelike Combine wedvlug duiwe losgelaat word nie. Oefen duiwe mag wel 30 minute na amptelike Combine wedvlug duiwe losgelaat word.
8. 1000 posisies word toegeken vir gemiddeldes berekening. Dit is ongeveer 10% van die aantal duiwe losgelaat.
9. Donker ure – SANPO reël word toegepas
10. Die combine is onderhewig aan die SANPO se grondwet. Alle SANPO reëls moet toegepas word tydens loslating asook tydens die in slaan en lees van die klokke.
11. Lede se GPS koördinate word aanvaar soos verskaf deur lid se organisasie. Her-opmeting sal dalk in die toekoms oorweeg word.
12. Die tweede wedvlug op 'n dag sal ook op pigeonuniverse gelys word maar dit is slegs ter inligting en nie 'n amptelike Combine uitslag nie. Die geld veral vir die jongduif wedvlugte waar die ouderdom kwessie steeds 'n probleem is.
13. Duiwe moet in dieselfde rigting losgelaat word, soos bepaal deur die loslatings koördineerder van die Combine.
14. Combine wedvlugte word tweede losgelaat todat die jongduif reeks van die onderskeie organisasies voltooi is. Daarna sal die amptelike Combine wedvlug verskuif na eerste.
15. Organisasies se trokke moet roteer tydens alle loslatings
16. Alle goedgekeurde Combine wedvlugte sal tel vir punte en gemiddeldes – Oornag wedvlugte sal as 'n amptelike wedvlug beskou word.
17. Waar Combine organisasie by dieselfde loslating punte is tydens wedvlugte, sal daar 'n gesamentlike loslating (Combine Libaration) wees.